

God regeer ons lewens

Wat 'n wonderlike gebeurtenis waarvan ons vandag saam gelees het! Josef maak hom aan sy broers bekend. Hy doen dit terwyl hy hard huil. Dit is opvallend hoe dikwels Josef gehuil het. In Genesis 42 tot 50 word agt keer vertel dat Josef gehuil het. Hy het 'n veelbewoë lewe gehad. Bo alles wat in sy lewe gebeur het, het Josef egter iemand raakgesien. Hy het God gesien wat as koning oor sy lewe regeer het. Hy sê vir sy broers dat God hom na Egipte toe gestuur het om lewens te red en om vir hulle 'n oorblyfsel in die land te laat oorbly. God het hom laat aanstel as regeerder oor die hele Egipte. Josef erken dat God sy lewenspad beskik het en eis geen eer vir homself op oor sy hoë posisie in Egipteland nie.

Dink gerus vandag aan jou lewe, vandat jy gebore is tot vandag toe. Verseker was daar moeilike en maklike tye gewees, tye van voorspoed en tye van teëspoed, gelukkige tye en ongelukkige tye, tye van blydschap en tye van tranes! Kom ons sien God opnuut raak, Hy wat oor ons lewenspad regeer. Kom ons sien God raak, Hy wat deur alle tye met ons op weg was en ons deur voorspoed en teëspoed gevorm het as sy kinders. Dan kan ons die toekoms ook ingaan met die hoop en die vaste sekerheid in ons harte – God sal steeds regeer in die res van my lewe hier op aarde, maar ook tot in ewigheid is Hy koning.

Inderdaad, God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is (Rom 8:28).

Sing: Psalm 99:2, 3 (2001-omdigting)

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)